

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Gewone mense dra die Kersboodskap

**Skriflesing:**

Lukas 2

**Teksters:**

Lukas 2:8-20

**Sing:**

Sb 1-6:1-3  
Sb 12-3: 1, 2  
Ps 19-1:4  
Sb 4-4: 1,2,3,6,7  
Lied 361: 1,2,4  
Ps 89: 1,3  
Sb 13-2

**Prediker:** Ds Maarten van Helden

Al ooit die vraag gevra waarom God juis aan die herders op Bethlehem se velde dié groot nuus bring? Of kom ons los die hoogdrawende woord en noem hulle somer gewone skaapwagters. Veldmense. Vuil mense. Dom mense. Die lae klas! En was die onbetroubares en onreines, en tog maak die Here Homself eerste, heel eerste aan hierdie groep bekend.

Dit sal ook later blyk dat baie min mense hulle aan die skaapwagter "fabels" gesteur het, want jare later weet niemand meer dat Jesus in Bethlehem gebore is nie en niemand glo dat Hy die Messias is nie.

Jesus kom vereenselwig Hom met die gewone mense en gebruik hulle selfs as die eerste "sendelinge" van die evangelie!

**SONDAGAAND 18:00**

## Wat is die mens dat U aan hom dink?

**Skriflesing:**

Hebreërs 2:1-18  
Psalm 8:1-8

**Teksters:**

Hebreërs 2:6-9

**Sing:**

Ps 33:1, 5  
Ps 8:4, 5, 7  
Ps 103:8, 9, 11  
Sb 13-2

**Prediker:** Ds Lourens Venter

Jesus Christus is meer uitnemend as die engele. Hy is die ewige ware God, die Eie Seun van die Vader. Maar Hy wat so uitnemend is, het selfs minder as die engele geword.

Hy het sy eer en heerlikheid prysgegee om as mens aan sy broers gelyk te word. Oor die engele is Hy nie besorgd nie, maar oor die nageslag van Abraham.

Wat is die mens tog, dat U aan Hom dink?

# KOMMUNIKATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 46 Nr 42 5 Desember 2021

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## "Nie in die wit paleise"

- NP Van Wyk Louw

*Nie in die wit paleise nie  
wou Hy (uit soewereine wil)  
tot ons soort staat gebore word;  
maar, waar die Kuise en die Arme stil  
en buite die hotel se poort  
verniet loseer het in die stal,  
het Hy, Visarendjie van God,  
in ons benoude vlees geval.  
Die eerste oë wat Hom sien,  
was skaapwagters vol strooi en stof;  
kras manne wat in skerms woon  
en ruik na bok en rook en mof;  
ná baie dwaal en baie soek  
- en selfs digby Herodes vra! -  
kom eindelijk die Wyses tóg  
met goud en wierook agterna.*

*Hy het sy eerste kern gekies  
nie uit geleerdes in die Skrif  
of dié wat hande en borde was  
met koue voorgeskrewe drif;  
maar vissers en 'n tollenaar  
die 't Hy geroep met sagte groet:  
manne met harde hande en sweet  
en eelte, en 'n oop gemoed.*

*En toe Hy sy groot net uit laat gooi  
regs van die boot en links en regs,  
het Hy ingesleep: 'n vreemde prooi -  
'n visvangs soos die óú Wet slegs  
in skaam vermoede kon vermoed - :  
melaats, besete, ryk of klein;  
sondaars van elke kleur en geur,  
maar in sy glimlag, skielik: rein."*

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYDE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00  
Engelse Diens: 11:00  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00  
Kantoorure: **Ma-Do** 09:00 - 14:00



Telefoon: **060 696 7373**

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226  
Lyttelton  
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855  
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595  
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za).

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad [gkcenturion.co.za](http://gkcenturion.co.za) of ons internetskakel [stroom.gkcenturion.co.za](http://stroom.gkcenturion.co.za)

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com).

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas



**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

## Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

### **Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton  
Takkode: 632005  
Rek no: 600 340 409

### **Inbetalings vir die Diakonie:**

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk  
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton  
Takkode: 632005  
Rek no: 600 280 589

### **Inbetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton  
Takkode: 632005  
Rek no: 600 340 417

## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

## Die Sending van Jesus

Ons kyk na video's van Ray Vander Laan

**Ons begin weer op 1 Februarie 2022**

**Plek:** GK Centurion Kerkzaal  
Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd:** Elke Dinsdagaand om 19:00 (vir ses weke)

**Koste:** Gratis

**Aanbieder:** Ds Maarten van Helden

**Navrae:** Hein Kaiser 082 772 7718/Kerkkantoor 060 696 7373

**Almal welkom**

## 2021 Geloftefees in Centurion

**Plek:** GK Centurion (voorheen by  
Rooihuiskraalterrein)

**Aanvangstyd:** 16 Des om 09h30

**Geloftediens:** ds. Gideon du Toit

**Feesrede:** Die Gelofte: Gister en Vandag -  
Christo Rabie

Die verrigtinge sal ook gestroom word op  
[stroom.gkcenturion.co.za](http://stroom.gkcenturion.co.za)

Bring en Braai na die tyd! Vuur en braaiers  
sal voorsien word.

### **Kontakpersone:**

Charl vd Bergh - 072 698 7956  
Paul Retief - 082 562 9845

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens,  
skink en opruim na die erediens is in die  
kombuis opgeplak.

### **5 Desember 2021**

C08 Marietjie Smit  
B12 Cora Badenhorst  
A09 Zanie Kruger

### **12 Desember 2021**

C07 Gerda Pieters  
B11 Liana Venter  
A08 Ronel Hoogenboezem

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en  
hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/  
hospitalisasie/herstelproses (bv Covid/kanker).

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb:  
Diaken, Ouderling of Predikant.

## ALMANAK 2022

(BOEK)

Is nou by die kerkkantoor  
beskikbaar @ R100

**Van der Walt huisonderhoud**—Vir enige herstel-, verf-, teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. Tel 082 927 7324 of [petra@streamlinedebt.co.za](mailto:petra@streamlinedebt.co.za).

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel, Veritas eiendomme 082 854 1430.

**1Sk tuinwoonstel te huur**—R5 500pm Bronberrick, Centurion. Sluit in: Water en WIFI (bepalings en voorwaardes geld); mikrogolf en wasmasjien. Vooruit-betaalde elektrisiteit. Kontak Anika 072 913 3311 of Gerhard 063 698 9038.

**Musieklesse vir oud en jonk.** Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindertuin, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

**Algemene administrasie en diktafoon-tikwerk gesoek**—U kan 'n MP3 en MP4 lêer aan my e-pos vir vinnige diens. Tillie Kloppers 082 753 0525.

**Pastorale Berading** kontak Esther du Plessis by 071 868 2257.

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949  
Rudy Kruger 082 466 6035  
Petra Swanepoel 082 927 7324  
Theuns Louw 082 815 4275  
Drikus van der Walt 060 569 2608



**Betroubare huishulp**, beskikbaar vir 2 dae 'n week. Afrikaans magtig en geletterd, werk baie hard en deeglik. Margaret 073 866 4526.

Goeie kwaliteit **pekanneute te koop**: 200g, 400g en 500g. Gebreekte pekanneute beskikbaar @ R120 vir 500g. Lydia Bezuidenhout 083 565 5789.

**Heerlike vrugtekoekie.** Klaar gebrandewyn, ± 1,3kg. Beschikbaar 15 Des. Charvette Reesink 0823194172.

Soek dringend iemand wat 13-20 Des ons **honde in Midstream te kom oppas**. Persoon kan selfs in ons huis in Midstream kom bly. Bereidwillig om R150pd te betaal vir oppas. Skakel Billy du Toit 0822121372.

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasierig in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

**Daar is geen versorgings fasiliteite nie**—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit : 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet- en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beschikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Jan 2022. Die rigprys is R830 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid is 108vkm en die maandelikse heffing is R1 425 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhef aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 20 Des 2021**

## Ons gee om vir Mekaar

“...die Here sal my onder sy sorg neem.” Ps 27:10

- André Celliers het 'n draai in die hospitaal gemaak (A14—660 0952).
- Jan Heystek sterk tuis aan na 'n operasie (A10—082 337 0081).
- Bieuwkje Pretorius ondergaan die week 'n prosedure (A3—662 0401).
- Meelewing word betuig met:
  - Bennie en Cornea van Nieuwenhuizen na die afsterwe van Cornea se moeder.
  - Charl en Hannie vd Bergh na die afsterwe van Charl se swaer.

**Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**

## Geluk

Louis en Liza Dekker met die geboorte van Estian Dekker.

## Predikante aan diens gedurende die vakansie

Ds Lourens Venter is beskikbaar gedurende die hele vakansie—082 529 2330

Ds Gerrit Kruger aan diens tot 25 Des—082 964 5595

Ds Maarten van Helden is met verlof vanaf 5 Des—3 Jan

## Verjaarsdae

### Belydende lidmate

5 Des	Reynhardt Kruger	B15	27824483406	9 Des	Don Algera	B06	27798958316
	Thinus Nel	C01	27834087811		Peter Reesink	B03	27619957710
6 Des	Celliers De Souza	A08	27829626275		Doedo Stavast	B16	27823792797
	Kara Smith	B10	27828563704	Melicia van Rooy	A01	27828264850	
	Christelle v Aswegen	A04	27605250089	Jaco Wattel	B17	27828541430	
	Ashley Wentzel	C15	27662951772	10 Des	Andries Bester	B11	27726262577
7 Des	André Beumer	A09	27827779112	Daneel v Dyk	C06	27846857001	
	Natasha Engelbrecht	A14	27726981649	11 Des	Liesel Badenhorst	A02	27829224034
	Petru Swanepoel	C13	27828004131	Leon-Andre Lourens	A10	27827902244	
8 Des	Heleen Daniels	E01	27711352420	Sonja Styger	B01	27832260285	
	Melinda Engelbrecht	A10	27828362022	Dihan v Niekerk	C06	6671784	
	Lorraine Gouws	C12	27824506202	Phillip Weyer	A11	27795248315	
	Etienne Grobler	C07	27721029845	<b>Dooplidmate</b>			
	Charlaine Kruger	C06	27649039993	6 Des	Andries Gildenhuis	C13	27829215614
	Marie vd Walt	C03	27828771971	7 Des	Ališka Nöthling	A11	27761457124
				9 Des	Janke Cronje	C05	27763079223
					Mieke Pretorius	B17	27789891482



**HOU DIE DATUM OOP**

*Saamtrek*  
**2022**  
**5 MAART**

**Gereformeerde Kerke  
CENTURION &  
WAPADRANT**

*Hoop*  
SPREKERS  
GUSTAV GOUS  
AMORE BEKKER

**Volledige besonderhede Januarie 2022 beskikbaar**



*Saamtrek*  
**2022**  
**5 MAART**  
09:00-14:00  
DRAG: KLEURVOL

*Hoop*  
SPREKERS  
GUSTAV GOUS  
AMORE BEKKER

*Kom kuier saam by  
een van TWEE lokale:*  
Gereformeerde Kerk  
CENTURION OF WAPADRANT

Navrae by:  
071 465 3940 (Centurion)  
012 991 1395 (Wapadrant)

**R120** Bespreek jou kaartjie hier  
Skakel beskikbaar Januarie 2022



## GEREFORMEERDE SUSTERS CENTURION

Soos julle bewus is het die Covid-pandemie ons Susterssaamtrek 2021 se planne in die wiele gery. Op hierdie stadium is ons nie seker wanneer ons weer 'n Saamtrek sal kan reël in die formaat wat aan ons bekend is nie. Ons het wel besluit ons gemeentes het sekerheid nodig in hierdie onseker tye, en daarom het die susters van Centurion en Wapadrant koppe bymekaar gesit en besluit 'n virus gaan ons nie stuit nie. Ons het kreatief gedink oor die huidige formaat en ons het 'n splinternuwe "uit die boks"-formaat wat ons graag in 2022 wil beproef. Indien dit goed werk, is dit dalk iets wat ons in die toekoms kan oorweeg. Dit is 'n koste effektiewe manier om 'n saamtrek aan te bied sodat ons steeds die essensie van die saamtrek vasvang, maar sonder om ons boeglam te werk en onnodige kostes aan te gaan.

Ons beplan dus om DV 5 Maart 2022, 'n Saamtrek aan te bied waar susters 'n keuse het van twee lokale. Ons bied presies dieselfde program aan by die Gereformeerde Kerk Centurion en by die Gereformeerde Kerk Wapadrant. Gustav Gous en Amore Bekker sal die sprekers by al twee geleenthede wees. Die tema is *Hoop*. Die sprekers sal teetyd net omruil. Die voordeel wat hierdie formaat ons bied is dat ons die groep in twee deel, en dat ons dus ons eie lokale kan gebruik en nie sale hoef te huur nie. Kostas wat aangegaan word vir sprekers kan ook in twee gedeel word.

Ons beplan om 'n lewendige uitsending te doen; dus, indien die Covid-regulasies ons inperk, gaan ons eenvoudig aanlyn voort.



**Toer na ISRAEL**  
saam met **Maarten van Helden**  
**1 - 13 Julie 2022**  
*Bespreek nou!*

Vir nadere besonderhede kontak ds Maarten van Helden  
072 143 1855 maartenvanhelden1@gmail.com